

***Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!***

## **Die Boodskapper**

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / [admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za)

---

### **Oggenderediens (9:00) : Ds Jaco Linde**

Vooraf: Sb. 3-5: 1,4 en 6  
Votum en groetseën  
Sing: Ps. 100: 1-4 (Totius)  
Geloofsbelydenis en Lied 260: 7-11  
Gebed  
Wet van die Here  
Sing: Sb. 14-1: 1,2,3  
Woordbediening

Skriflesing: 1 Kor 12  
Tema: *God se gawes - vir mekaar*  
Bediening van die Doop  
Sing: Ps. 105: 4,5  
Gebed  
Liefdegawes  
Sing: Beryming van Rom 12: 1-5  
Seën van die Here

### **English Service (16:30) : Rev Tshidiso Moletsane**

Greeting and Benediction  
Sing: Praise my soul, the King of heaven  
Amazing Grace (v15)  
In Christ Alone  
  
Apostolic Creed  
Ten Commandments

Scripture: 2 Tim 3 16-17  
Theme: *Study God's Word*  
Prayer of Thanks  
Sing: You are my All in All  
Crown Him with many Crowns  
Benediction  
Doxology for the Blessing

### **Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson**

Votum en Groetseën  
Sing: Sb. 5-3: 2,4,5  
Gebed  
  
Sing: Lied 387: 1,3  
Skriflesing: Matt. 26: 26-30 en HK So 29

Tema: *Christus se gekruisigde liggaam en gestorte bloed is die ware voedsel en drank vir ons siele tot die ewige lewe.*  
Gebed  
Sing: Lied 592: 1,2  
Seën van die Here

## **Waarvoor kan ons bid?**

- Dat die Here aan ons sal wys hoe ons mekaar op die beste maniere kan dien.
- Dat die Woord van die Here kragtig en suiwer uitgedra sal word.
- Ons bid dat die Heilige Gees aan ons sal wys wat ons gawes is en dat ons die vrymoedigheid sal hê om dit uit te leef.
- Al die matrikulante wat voorberei vir hul eindeksamen.

**Chri-sante:** Panorama en Louis Leipoldt: Misha van Wyk: 084 899 5676

Alle Hospitale: Cornelia Jansen / Cape Gate: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** <https://www.gkbo.org>

**Ds Brahm Robinson:** 064 656 1374

[brahmrobinson@gmail.com](mailto:brahmrobinson@gmail.com)

**Ds Jaco Linde** 062 552 5492

[lindejaco@gmail.com](mailto:lindejaco@gmail.com)

**Kerkkantoor/whatsapp:** 082 712 4629

[admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za)

**Kassier:** 083 659 1301

[kassier@gkbo.org.za](mailto:kassier@gkbo.org.za)

**Kosters:** Elfriede / Melanie 083 636 9840 / 084 308 3118 [koster@gkbo.org.za](mailto:koster@gkbo.org.za)

**KOLLEKTES: VANDAG :** Diakonale Kas en Kinderhuise

**Sondag 18 Oktober :** Diakonale Kas en Bolandse Bedieningsfonds

**VANDAG:**

**Orrel:** Pieter Venter

**Projektor:** Matt Venter

**Teeskink:** Kerkraad

**Parkeerterrein:** Phillip en Christine Venter

**Sondag 18 Oktober:**

Anna-Marie Alkema

Andries Venter

GF25; GF27; GF31; BL1; BL2; BL4

André Vollgraaff

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Alwyn Smit en Louis van der Walt

**Sondag 18 Oktober:** Stefan Swanepoel en Gerrit van Milligen

**DAGBOEK 11 Oktober tot 18 Oktober**

|          |                     |                  |      |
|----------|---------------------|------------------|------|
| VANDAG   | Gebedsgeleentheid   | Gebedskamer      | 8:30 |
| Di 13/10 | Griefshare sessie 9 | GKBO konsistorie | 9:30 |

**Bybelstudies**

|           |                             |                  |       |
|-----------|-----------------------------|------------------|-------|
| Ma 12/10  | Aand Bybelstudie (Eugene)   | GKBO             | 19:00 |
| Woe 14/10 | Oggend Bybelstudie (Brahm)  | GKBO             | 10:00 |
| Do 15/10  | Studente Bybelstudie (Jaco) | Aan huis by Jaco | 19:00 |
| Vry 16/10 | Hoëskool Bybelstudie (Zea)  | GKBO             | 18:00 |

**Van die Kerkraadstafel:**

**Ds Brahm** neem vanoggend die erediens waar by GK Paarl. Ons bede is dat die Woordverkondiging daar geseënd sal wees en tot opbou van Sy Koninkryk sal dien.

**Ter approbasie:**

Die volgende broeders word aan die gemeente voorgehou ter approbasie vir **die amp van Ouderling**:

Willem (WL) de Villiers; Wim (WR) Gevers; Wiehahn (W) Jacobs; Herman (H) Klomp; Muller (HM) Lourens; Dawie (DJ) Loots; Arnold (AT) Mahne; Arnold (AM) Pretorius; Douw (DG) Steyn; Pieta (PA) Swanepoel; Jaco (JM) van den Berg ; Mias (JJ) van der Walt; Johannes (JM) van Graan; Adriaan (AV) van Wyk; Lucas (LM) Venter; Phillip (P) Venter; Riaan (MJR) Vorster; Jacobus (JPH) Wessels.

Ons vra die gemeente se voorbidding vir hierdie broeders in die oorweging van die roeping.

**Griefshare:** Komende Dinsdagoggend word **sessie 9** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30.

## Bediening van die doop

Die sakrament van die Doop word vanoggend bedien aan **Mienke**, eersteling dogtertjie van **Erik en Marike Hendrikz**. Ons verwelkom ook vir oupa Francois en ouma Annalie Hendrikz asook oupa Gert en ouma Franske Wibbelink. Baie geluk aan julle almal. Mag klein Mienke vir julle veel liefde en vreugde bring.

## Geloofsfamilie-meningsopname

Ons nooi alle lidmate uit om 'n geloofsfamilie-meningsopname wat ons in Oktober wil afhandel te voltooi. Die doel is om lidmate se behoeftes en belangstelling in geloofsfamilies beter te verstaan, sodat ons saam kan beplan hoe hierdie groepe onderlinge meelewing, ondersteuning en geloofsgroei in ons gemeente kan bevorder. U insette is welkom, veral indien u nie tans by 'n geloofsfamilie betrokke is nie.



Die elektroniese vorm kan oopgemaak word deur die QR-kode in hierdie berig met u selfoon se kamera te skandeer en die vorm oop te maak. Die GKBO-kantoor of u ouderling sal ook sover moontlik die skakel per WhatsApp aan u stuur. Alternatiewelik kan u ook die onderstaande skakel gebruik om aanlyn in te vul:

<https://gkbo.kalah.app/vorms/kleingroepe-2026>

Lidmate wat verkies om nie die elektroniese vorm te gebruik nie, kan 'n papierweergawe agter in die kerk kry.

Beide elektroniese en papier meningsopnames is doeltreffend anoniem en U word aangemoedig om u eerlike ervarings en opinies deur te deel ten einde 'n akkurate beeld van geleenthede en uitdagings rakende geloofsfamilies te verkry.

Ons beoog om resultate vanaf 26 Oktober te konsolideer vir verwerking en sal dit waardeer indien u teen Sondag 25 Oktober u insette sal indien.

Baie dankie vir u deelname en waardevolle insette.

## Meelewing:

- **Ena Kruger** is weer in Bellville Melomed opgeneem met infeksie in die been. Ons bede is dat sy gou weer ontslaan sal word en ten volle sal herstel.
- **Len Kruger** is Maandag oorlede. Ons bid vir Ronnie en hulle kinders en familie die ryke vertroosting van die Here toe. Die troosdiens vind op Vrydag 23 Oktober om 14:00 plaas vanuit ons kerkgebou.
- **Beide Arnold Pretorius en Johann Venter** het onlangs afskeid geneem van hul ouma's. Ons is saam met hulle en hul gesinne hartseer oor hul verlies en bid dat hulle bewus sal wees van die Here se nabyheid en liefde.
- **Ronelle van Rhyn** het Woensdag 'n oor-operasie ondergaan. Mag jy sommer gou herstel, Ronelle.

## Baie welkom

Ons verwelkom vanoggend vir **Daleen Naude**, 'n speurder in die SAPD. Sy het van GK Oos-Londen by ons aangesluit.

*(Persoonlike inligting verwyder in lyn met die Popia wetgewing.)*

## Huis Boland sê dankie

Huis Boland se inwoners en personeel sê 'n groot dankie aan GKBO lidmate vir die oorweldigende bydraes vir die poedingtafel vir Vrydag se Mini-basaar. Dit word opreg waardeer.

## Vrouegesprek

Ons herinner graag al ons susters aan die Vrouegesprek vanoggend (11 Oktober) net na die erediens. Ons reflekteer oor alles wat al hierdie jaar gebeur het, ons rol en waar is die geleentheid waar ons ons gawes kan uitleef.

***"Laat ons gedurig maniere soek om mekaar opgewonde te maak om goeie dinge vir mekaar te doen" Heb 10:24***

## Die Veterane gaan kuier by oom Jan se plaas.

Op 19 Oktober word 'n uitstappie beplan na die Kasteel die Goeie Hoop in Kaapstad. Pensioenarisse kan die besoek meemaak teen R25 per persoon.

Na die besigtigingstoer geniet ons iets in die restaurant in die Kasteel.

Laat asseblief teen Saterdag 17 Oktober van jou hoor as jy saamkom. Skakel Hettie by 083 336 0012 of Anton by 082 777 7599.

Daar is genoeg parkeerplek beskikbaar op die kasteel se terrein

Datum: **19 Oktober**

Tyd: Ons kom om **9:00 by die kerk** bymekaar om saam te ry.

## Uitnodiging: Kom sing "Shanties" by *StraatKoffie*.

Vir die manne en dames wat lief is vir sing, meer spesifiek vir shanties sing, stuur gerus jou naam en nommer aan Burger by 079 699 0771.

Burger sal uitreik en besonderhede deurgee.



*Wat is "Shanties" - lekker saamsing werk/see liedjies..*

## Mediateek

“As ons almal net makliker, sonder vooroordeel of stigma, oor depressie kon praat...”

- Ruda Landman

Lees meer oor hierdie onderwerp:



**Kul jou hier, kul jou daar,  
en siedaar...  
'n luilekker langtafel kuier**

**Silwer Seniors**

**31 Oktober 2026  
by GKBO om 10:30**

# Verjaarsdae

Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Ena Kruger, Petro de Klerk, Betsie de Klerk en Hester Janse van Rensburg**. Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.



|                  |              |               |                           |             |
|------------------|--------------|---------------|---------------------------|-------------|
| VANDAG           | 11/10        | MARIUS        | ELS                       | KE2         |
|                  |              | ANDRÉ         | JANSE VAN RENSBURG        | BR4         |
|                  |              | HERMAN        | KRUGER                    | GF02        |
|                  |              | ALTA          | VAN DER WALT              | ST1         |
|                  |              | GIJA          | VAN ZYL                   | GF29        |
| <b>Maandag</b>   | <b>12/10</b> | RIANKA        | FOUCHÉ                    | BL1         |
|                  |              | MARNUS        | HATTINGH                  | GF07        |
|                  |              | <b>ENA</b>    | <b>KRUGER</b>             | <b>BR2</b>  |
|                  |              | SJ            | SWANEPOEL                 | GF08        |
| Dinsdag          | 13/10        | IMKE          | VENTER                    | GF29        |
| <b>Woensdag</b>  | <b>14/10</b> | <b>PETRO</b>  | <b>DE KLERK</b>           | <b>KE1</b>  |
|                  |              | CATRI         | HAMMAN                    | GF04        |
|                  |              | MARIZA        | HENN                      | GF36        |
| <b>Donderdag</b> | <b>15/10</b> | <b>BETSIE</b> | <b>DE KLERK</b>           | <b>KU1</b>  |
|                  |              | AMANDA        | NEETHLING                 | VR4         |
|                  |              | LIZE          | OOSTHUYSEN                | GF08        |
|                  |              | CHARMAINE     | VAN SCHALKWYK             | KU3         |
| <b>Saterdag</b>  | <b>17/10</b> | LISA          | BOTHA                     | GF06        |
|                  |              | ERIK          | FRITZ                     | TY2         |
|                  |              | HELENA        | JACOBS                    | KR2         |
|                  |              | <b>HESTER</b> | <b>JANSE VAN RENSBURG</b> | <b>GF17</b> |

## GKBO Kommunikasiekanale

Die gemeente het verskeie **kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting**. Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en slegs *admins* kan boodskappe versprei.

### **Algemene Gemeente boodskappe:**

<https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIq02GtRv1dq>

### **Susters whatsapp groep:**

<https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVeI>

### **Skakel na die gemeente se kalender:**

<https://www.gkbo.org/kalender>

**Kontaknommer vir die kerkkantoor:**     **Jenny Wendt 082 712 4629**

# Bolandkamp 2026

Egte geloof in 'n  
kunsmatige wêreld



Graad 8 - 12's | 2 - 6 Desember  
Disakloof Kampterrein, Bettysbaai

*\*Hierdie advertensie is gemaak deur 'n mens*



← Inskrywingsvorm

# DOPPIES

Die Woord is gevul met so baie verhale van God se voorsiening, beskerming en Wysheid. Tot vandag toe is daar so baie wat ons nog kan leer van die stories.

Watter verhale word deur die 'emoji's' verteenwoordig:

Die verhaal se naam:

Waar in die Bybel kan ons die verhaal vind:

